# Wat is 'n Marxistiese benadering tot die letterkunde?


## Wilhelm Liebenberg



## Opsomming

Daar word geargumenteer vir 'n breër opvatting van 'n Marxistiese literatuurbeskouing as een wat dit bloot in opposisie tot ander bekende benaderings stel.

'n Marxistiese literatuurbenadering behels onder andere ideologiekritiek, wat die wyse waarop bourgeois ideologie gehandhaaf word, ontmasker. Dit bied egter ook 'n verklarende model waarvolgens literêre verskynsels verstaan kan word in terme van die wyse waarop dit met die res van die maatskappy in verband gebring word. Verder is 'n Marxistiese benadering nie bloot 'n akademiese analise nie, maar hou dit verband met 'n praktyk van verandering.

Daar word geargumenteer ten gunste van 'n dialektiese benadering waarvolgens die Marxisme nie verhef word tot dogma nie. Die Marxistiese benadering wat hier voorgestel word, skryf ook nie aan skrywers voor nie. Dit bied egter uitdagings aan skrywers en teoretici, en vanweë die vraagstukke waarop dit fokus, kan verwag word dat dit 'n sleutelrol gaan speel in hierdie land waarin verandering aan die orde van die dag is.

## Summary

A more inclusive view of a Marxist approach to literature than one which merely opposes it to other known theories, is proposed.

A Marxist approach to literature includes, amongst others, a critique of ideology, which unmasks the ways in which bourgeois ideology maintains itself. It also offers an explanatory model for understanding literary phenomena in terms of their relations to the rest of society. A Marxist approach entails, moreover, not merely academic analysis but also the practice of changing society.

A dialectical approach is proposed in terms of which Marxism is not elevated to dogma. The Marxist approach put forward here is not one which prescribes to writers and theoreticians. It poses challenges, however, and because of the problems it focuses upon, one could expect it to play a key role in this country during its process of change.


## 1 'n Breër opvatting

Daar is heelwat omtrent 'n Marxistiese benadering tot die letterkunde wat vandag nie meer so vreemd is nie aangesien 'n hele paar aspekte daarvan reeds in ander literatuurbenaderings opgeneem is.

'n Mens sien byvoorbeeld die erfenis van die Marxisme in die sogenaamde teksteorie wat in Frankryk ontwikkel is. Die begrip "intertekstualiteit", wat sosiale en ekonomiese "tekste" naas die kulturele by die sogenaamde "interteks" insluit, is niks anders as 'n uitbreiding van De Saussure se tekenbegrip tot 'n Marxistiese "interne relasie" nie.

Die Marxistiese ideologiekritiek vind ook weerklank in feministiese literatuurbenaderings. 'n Mens kan in dié verband noem dat die eerste relativering van die dominerende rol van die man te vinde is in Engels se werk, "The Origin of the Family, Private Property, and the State" (1978). Die siening van ideologie as iets meer as net 'n stel idees, naamlik 'n stel gebruike en

gewoontes, word vandag algemeen deur die feminisme en ander kritiese benaderings aanvaar. So ook die kritiese ontmaskering van die manier waarop groepsgebonde idees hulself as natuurlik of universeel voordoen om sodoende die status quo te handhaaf. As 'n mens na dekonstruksie kyk, vind 'n mens eweneens strategieë wat aan die Marxisme ontleen is, soos die omkeer van hierargieë waardeur basiese assumpsies bevraagteken word.

Selfs die aandag wat deesdae aan die resepsie van die literêre werk gegee word, is nie vreemd aan 'n Marxistiese benadering nie. Vanweë sy praktiese oriëntasie was dit altyd bewus van die uitwerking van die werk op die gehoor. 'n Mens kry in Engels se brief aan Minna Kautsky (1975b), byvoorbeeld, al dat hy wys op die feit dat "under our conditions novels are mostly addressed to readers from bourgeois circles" and gevolglik aanraai dat dit op die reaksie van die bourgeois leser ingestem moet wees. Bertold Brecht het om dieselfde rede aan die effek van sy stukke op die gehoor aandag gegee.

Daar is dus heelwat wat kenmerkend is omtrent 'n Marxistiese literatuurbenadering wat nie vandag as Marxisties beskou word nie. Die gevaar bestaan dat 'n Marxistiese benadering geassosieer word met slegs dit wat nié met ander benaderings tot die letterkunde gemeen het nie – dat daar vergeet word dat dit 'n intertekstuele benadering is by uitstek, dat dit lank reeds dekonstrueer, dat dit nog altyd oor die bevryding van die vrou besorg was en dat dit aan die resepsie van tekste aandag gee.

## 2 'n Dialektiese benadering tot die literatuurwetenskap

Aan die ander kant is daar ook geen rede waarom 'n Marxistiese benadering nie bevindings van ander benaderings tot die letterkunde kan inkorporeer nie. Nie alles omtrent die strukturalisme of post-strukturalisme hoef byvoorbeeld vir 'n Marxistiese benadering onaanvaarbaar te wees nie. Inteendeel, sekere aspekte daarvan kan gesien word as waardevolle insigte om op voort te bou.

Neem byvoorbeeld Jonathan Culler se bydrae oor gedigte se leeskonvensies in *Structuralist Poetics* (1975). Die feit dat daar sulke konvensies is, dat die lees van gedigte met ander woorde 'n spesifieke soort sosiale verskynsel is, is iets waarmee 'n Marxis uiteraard sal saamstem. Waar Culler opmerk dat

> the lyric has always been based on the implicit assumption that what was sung as a particular experience would be granted greater importance.
>
> (Culler 1975: 176)

sou 'n Marxis egter verder gaan deur op die moontlike rol van so 'n konvensie in die handhawing van 'n ideologie te wys.

Genette se illustrasie van die sogenaamde "argiteks" van moontlikhede by die bepaling van literêre genres, of sy demonstrasie van die manipulasie van tyd in die roman, bied eweneens vrugbare perspektiewe wat, soos hy dit stel, kan aanleiding gee tot die benutting van nuwe moontlikhede in die letterkunde (Genette 1983: 108). Vanuit 'n Marxistiese perspektief sou 'n mens

hierdie logika verder kon voer en vra waarom slegs sekere moontlikhede geaktiveer is op spesifieke stadiums in die geskiedenis en andere nie.

Die wyse waarop Derrida (1976) die idealistiese aspekte van De Saussure se tekenbegrip dekonstrueer, is 'n verdere voorbeeld van iets wat gemaklik binne 'n Marxistiese kader benut kan word, al sou 'n mens dan 'n argument teen die ondialektiese aard van die alternatief waarmee hy vorendag kom, kon formuleer.

Waarvoor ek hier argumenteer, is 'n breër opvatting van 'n Marxistiese literatuurbeskouing as een wat dit bloot in opposisie tot al die ander bekende benaderings stel. 'n Marxistiese benadering is nie een wat alles omtrent 'n ander benadering gaan verwerp omdat dit nie met sy vertrekpunte saamstem nie.

So 'n siening sou ondialekties wees. Die dialektiek werk immers nie met 'n logika waarvolgens positief en negatief mekaar uitsluit nie; dit sien dit as deel van 'n geheel – 'n geheel wat verander juis vanweë die eenheid en stryd van teengesteldes daarbinne, en omdat die nuwe reeds binne die oue aanwesig is.

'n Mens sien iets van hierdie benadering in Marx en Engels se waardering vir Balzac wat, ten spyte van sy konserwatiewe politieke simpatieë, volgens hulle werk gelewer het met besonder positiewe eienskappe. In die woorde van Engels:

> That Balzac thus was compelled to go against his own class sympathies and political prejudices, that he *saw* the necessity of the downfall of his favourite nobles, and described them as people deserving no better fate; and that he *saw* the real men of the future where, for the time being, they alone were to be found – that I consider one of the greatest triumphs of Realism, and one of the grandest features in old Balzac.
>
> (Engels 1976a: 271)

'n Mens vind dieselfde benadering in Lenin se waardering van Tolstoy (1975).

'n Marxistiese benadering tot die letterkunde is dus nie een wat summier alles omtrent 'n bourgeois werk sal verwerp omdat dit bourgeois is nie. Vanuit 'n dialektiese oogpunt is dit meer sinvol om die positiewe en negatiewe aspekte daarvan te identifiseer – om op die positiewe voort te bou en die negatiewe te kritiseer. Dieselfde geld ook vir die literatuurteorie. 'n Marxistiese literatuurbenadering is een wat dit wat positief is in die werk van bourgeois teoretici oorneem en verder voer terwyl dit dit wat negatief is, isoleer.

'n Marxisme wat nie self kan verander en voortbou op dit wat positief is in homself en van die negatiewe erfenis wat hy met hom saamdra, kan ontslae raak nie, sou eweneens ondialekties wees.

## 3 Ideologiekritiek

'n Marxistiese benadering tot die letterkunde word meestal geassosieer met kritiek op dit wat bourgeois is. Hier is dit veral die ideologiekritiek, waarna reeds verwys is, wat die wyses waarop bourgeois ideologie gehandhaaf word, ontmasker. Dit toon hoedat historiese verskynsels, wat tydelik is, voorgehou

word as synde universeel en onveranderlik, hoedat gebruike wat die heersersgroep se belange dien, voorgestel word as synde in algemene belang, hoedat dit wat mensgemaak en daarom vervangbaar is, gesien word as ewig of natuurlik, as vanselfsprekend of "common sense" – sodat diegene wat daaronder gebuk gaan nie daaraan sal dink om dit te verander nie.

Om terug te keer na die stelling van Culler wat ek vroeër aangehaal het, sou 'n mens vanuit 'n Marxistiese benadering daarop wys dat die konvensie waarvolgens die uitbeelding van 'n spesifieke ervaring in 'n gedig gelees word as iets wat 'n algemene geldigheid het, wat vir mens iets sê omtrent die aard van dinge in die algemeen, hom uitstekend tot hierdie soort oëverblindery leen. Dit wat 'n bourgeois digter skryf oor sy gevoelens word deur ander bourgeois lesers gelees asof dit aan primordiale waarhede uitdrukking gee wat vir alle mense op alle tye en plekke geld.

'n Mens sou hier kon wys op die voorbeeld van Wilma Stockenström se bundel, *Van vergetelheid en van glans*. Dit word deur Marianne de Jong (1979) gesien as 'n bundel waarin die digteres nie deel is van Afrika nie, nie tuis is hier nie, en tevergeefs met die voorgeskiedenis van haar wêreld probeer kontak maak. Dit is duidelik 'n ervaring wat vir die Europeër hier in Afrika geld en nie vir die swartmense nie. Kannemeyer (1977) sien egter die digteres se vreemdheid in Afrika as simbolies van die mens se "kosmiese eensaamheid".

André Brink, wat glad nie eens in sy resensie in *Rapport* na hierdie afsydigheid van Afrika verwys nie, interpreteer eweneens in universele terme. "Dit wat hierdie poësie dan wil word" volgens hom is

> geheimskrif, beswering, inkantasie, om die oerbetekenis van mens-en-aarde weer bloot te lê; om terug te keer tot mitiese grondslae.
>
> (Brink 1980: 57)

Ek wil met Brink saamstem dat dít is wat hierdie poësie wil word; die punt is egter dat die digteres se vreemdheid hier in Afrika nie 'n noodwendigheid is nie. Net so min soos wat dit geld vir alle mense in Afrika, net so min hoef dit vir haar te geld. Haar, en Kannemeyer en Brink se universalisering van haar spesifieke lot, kom neer op 'n rasionalisering van 'n situasie wat hulle blykbaar nie besef 'n mens kan verander nie.

## 4 'n Verklarende model

Waar sodanige ideologiekritiek een van die instrumente is van 'n Marxistiese literatuurbenadering, hoef 'n mens nie 'n Marxis te wees om dit te gebruik nie. Ook nie om op bourgeois kapitalisme kritiek te lewer nie. Die sogenaamde "kritiese realisme" in die letterkunde is byvoorbeeld in die neëntiende eeu bedryf deur skrywers wat die euwels van die kapitalistiese bestel aan die kaak gestel het sonder om dit in Marxistiese terme te verstaan.

Wat 'n Marxistiese benadering onderskei, is die spesifieke insig in die maatskappy wat dit probeer bied. Dit is 'n insig wat uiteraard op materialistiese en dialektiese grondslae berus, wat die letterkunde as proses binne 'n

veranderende opset sal beskou, wat dit sal probeer verstaan, nie in isolasie nie, maar as deel van 'n groter geheel, en wat dit as synde deel van die bobou met die onderbou van die maatskappy in verband sal bring.

So 'n benadering is nie daarmee gediend om die onderdele van 'n teks in hul onderlinge samehang te beskou nie, maar vereis dat die konteks waarin die spesifieke kommunikasie plaasvind ook betrek word. Dit strewe daarna om dit wat die betekenis medebepaal, maar waaraan daar nie altyd gedink word nie, sigbaar te maak. Om 'n literêre werk te verstaan, beteken in terme van 'n Marxistiese benadering om die geheel van die sosiale proses te verstaan waarvan dit deel vorm, en hoe dit daarin pas.

'n Ordentlike begrip van 'n teks beteken dus dat 'n mens 'n begrip moet hê van die skrywer se oeuvre, van die literêre strominge waarby hy inpas, van die genre wat hy gebruik, van die kultuur waarbinne hy hom bevind, asook die politieke, sosiale en ekonomiese prosesse waarby al hierdie inskakel. 'n Marxistiese benadering tot die letterkunde sal per slot van sake die materiële basis van 'n sosiale verskynsel soos hierdie onderken.

Dit is verder belangrik om 'n teks en sy genre te verstaan in terme van die sosiale en materiële omstandighede van sy produksie en resepsie. Produksieverhoudings bepaal naamlik hoe dit gedruk, uitgegee en versprei word. Dit bepaal watter tekste verskyn en wie dit lees. 'n Belangrike vraag omtrent letterkunde, vanuit 'n Marxistiese standpunt, is die toeganklikheid daarvan, en watter deel van die gemeenskap dit gevolglik dien. By die resepsie speel ook die invloed van opvoeding, bemarking en resensering 'n rol. Dit is faktore wat eweneens met die produksiewyse en klasse-aard van die gemeenskap verband hou.

Dit is dinge hierdie waaroor min of meer almal saamstem dat hulle relevant is. Wat 'n Marxistiese benadering onderskei, is egter die spesifieke verhouding waarin dit hierdie dinge plaas. Aangesien dit 'n spesifieke begrip van die maatskappy as 'n geheel behels, bied dit iets in terme waarvan literêre verskynsels verklaar kan word, waar ander literatuurbenaderings bloot beskryf of in abstraksie van "waarhede" praat.

'n Voorbeeld is Jameson (1984) se verklaring van Postmodernisme in terme van die sosiale en ekonomiese situasie waarin die lande waar dit voorkom, hul bevind. Onvoldoende soos wat hierdie en enkele ander Marxistiese verklarings nog mag wees, is dit die enigste pogings tot verklaring wat 'n mens vandag gaan vind.

## 5 Teorie of dogma?

Dit is nie die ideologiekritiese werkwyse van 'n Marxistiese benadering wat gewoonlik bevraagteken word nie, en ook nie die "interne relasies" waarmee dit werk – dat dit 'n teks plaas binne 'n groter geheel – nie. Hierdie aspekte is immers, soos hierbo getoon, deur ander benaderings oorgeneem. Dit is ook nie die feit dat 'n Marxistiese benadering literêre fenomene in 'n verhouding met 'n ekonomiese onderbou plaas wat die felste kritiek uitlok nie. Die meeste mense sal immers saamstem dat daar een of ander verhouding tussen die verskillende elemente van die maatskappy moet wees, al verkies hulle om

nie self daarop in te gaan nie. Die wyse waarop die Marxisme 'n verklarende model bied, hoef ook nie as sodanig 'n probleem te wees nie. Wat wel veel reaksie uitlok, is die veronderstelling dat 'n Marxistiese benadering 'n "grand narrative" sou bied wat op 'n alleenreg op die waarheid aanspraak maak.

Veral in 'n tydsgewrig waarin die Postmodernisme skepties is oor enige "grand narrative", soos Lyotard (1984) dit stel, is die wyse waarop Marxiste die ontplooiing van die wêreld se geskiedenis as 'n verhaal van klassestryd skets, een van die hoofteikens van kritiek. In die lig van die reaksie op Stalinisme deur die post-strukturaliste van Parys (die sogenaamde Tel Quel-groep by uitstek) en die invloed wat hulle op die literatuur-teoretiese wêreld gehad het, tesame met die politieke reaksie op Stalinisme wat vandag dwarsdeur Oos-Europa en die Sowjet-unie sterk na vore kom, is hierdie kritiek op die "grand narrative" en wat dit alles sou impliseer, beslis ter sake. 'n Marxistiese benadering is immers meer as net 'n teorie; dit is 'n praxis en kan as sodanig nie onthef word van verantwoordelikheid vir die politieke praktyke wat in sy naam gepleeg word nie.

Aan die ander kant sou dit naïef wees om al die vergrype in die geskiedenis wat in die naam van Kommunistiese bestelle gepleeg is, bloot aan 'n teorie toe te skryf. So iets sou 'n mens immers net van 'n suiwer idealistiese benadering verwag. Die ontstaan en prominensie van idees in sekere tydsgewrigte is eerder 'n funksie van die omstandighede waaronder hulle na vore kom.

Dieselfde geld vir die groei en aanhang van 'n Marxistiese benadering. Die spesifieke vorm wat dit aanneem en die interpretasie wat daaraan gegee word deur 'n spesifieke groep mense op 'n gegewe plek en tyd, is naamlik nie onafhanklik van die sosiale en ekonomiese omstandighede, asook die kulturele erfenis en tradisies van die betrokke mense nie. Daar is ook geen waarborg dat die besondere weergawe van Marxisme wat op 'n gegewe oomblik na vore kom, nie homself sal ingrawe en 'n hindernis vir vooruitgang vorm, soos enige ander ideologie wat deur die Marxisme gekritiseer word, en soos heel duidelik in die Sowjet-unie onder Stalin gebeur het nie.

Dit sou gevolglik heeltemal ondialekties wees vir 'n Marxistiese benadering om op ewige geldigheid en absolute waarheid aanspraak te maak. Ek wil argumenteer dat dit onmarxisties is om enige siening, insluitende 'n Marxistiese benadering, los te maak van die materiële omstandighede waaronder dit na vore kom en dit bo die geskiedenis te verhef. 'n Dialektiese benadering behels eerder dat die idees moet tred hou met die ontwikkeling van die geheel van die samelewing en die ekonomiese, tegnologiese en ander ontwikkelings waardeur die mens die omstandighede waarin hy hom bevind, probeer bemeester om sy voortbestaan te kan verseker. So ook moet 'n Marxistiese benadering kan aanpas by die gang van die geskiedenis, en mettertyd dit wat konserwatief is in homself kan isoleer terwyl dit voortbou op dit wat positief blyk te wees. As dit nie soos enige wetenskaplike teorie vir sy geldigheid kan steun op die mate waarin dit 'n meer bevredigende verklaring van sake bied nie, en verskans word deur bloot tot dogma verhef te word, dan behoort dit heel tereg gekritiseer te word.

Aan die ander kant sou 'n mens van verantwoordelike akademici verwag om 'n Marxistiese benadering, soos enige ander, aan sy verklarende krag te

takseer, en dit wat positief is daarin na waarde te skat, eerder as om dit in sy geheel te verwerp bloot uit vrees dat dit dalk, soos wel gebeur het, tot dogma verhef sou word, of omdat sekere vergrype in sy naam gepleeg is.

## 6 Teorie en praktyk

Die felheid waarmee daar gewoonlik op die Marxisme gereageer word, getuig daarvan dat dit om meer as net die teorie gaan. Dit is dan ook een van die vertrekpunte van 'n Marxistiese benadering dat blote teorie nie voldoende is nie. Die filosowe het die wêreld probeer verstaan, het Marx self in een van sy bekende tesisse oor Feuerbach gesê; die punt is egter om dit te verander. Dit is die poging om in te gryp in die stand van sake en dit te help verander, wat onder andere insigte meebring wat aan die blote teoretisering sal verbygaan. Daar is dinge omtrent die wêreld waarin mens leef wat mens eers dan gaan begin verstaan.

'n Marxistiese benadering tot die literatuur sal dus meer wees as 'n poging om te analiseer. Dit forseer die teoretikus om hom buite die akademiese ivoortoring te waag en hom te bemoei met die praktyk – nie net met die praktyk van boeke skryf, uitgee en resenseer nie, maar met die vraag in watter mate die aspirasies van werkers en ander strata van die breë bevolking in literêre vorm tot uiting kom, en in watter mate dit verhinder word deur gebrek aan toegang tot geletterdheid, skryfvaardighede, verspreidingsnetwerke, en dies meer. 'n Marxistiese benadering kom per slot van sake neer op die "collective struggle to wrest a realm of Freedom from a realm of Necessity". Dit gaan daarom om te verseker dat letterkunde nie net die letterkunde van 'n elite is nie, maar van almal wat tot die rykdom van die gemeenskap bydra.

Hierdie strewe is nie los te maak van die breër politieke stryd van die breë bevolking nie. Die praktyk van verandering, wat betref die situasie in die letterkunde, skakel uiteraard in by die politieke strategieë en vorms van organisasie wat onder die mense na vore kom. Die organisasie van werkers, as die mees onderdrukte deel van die gemeenskap, speel volgens 'n Marxistiese benadering hierby 'n sentrale rol.

Politieke organisasie, noodsaaklik soos dit is, bring egter allerlei gevare mee. In hierdie verband is dit belangrik om te onthou dat die strewe van 'n Marxistiese benadering is "to wrest a realm of Freedom from a realm of Necessity". Dit is naamlik nie 'n rol van 'n Marxistiese literatuurteoretikus en aktivis om aan skrywers voor te skryf, soos in Stalinistiese Rusland gebeur het nie, maar eerder om dit moontlik te maak vir almal om literêre uiting aan hul gevoelens en aspirasies te kan gee.

Dit sluit nie uit dat 'n Marxistiese benadering, soos enige ander, sy eie voorkeure sal hê nie. Sy anti-elitistiese instelling sorg daarvoor dat dit die populariteit van 'n werk waardeer, en dat dit 'n letterkunde wat tot net 'n elite beperk is, sal bevraagteken. Marxistiese benaderings het tradisioneel waardering gehad vir kritiese realisme, onder andere ook bourgeois kritiese realisme, wat die knelpunte in 'n maatskappy aan die kaak stel en onderdrukking ontmasker. Daarbenewens sal 'n Marxistiese benadering uiteraard

waardering hê vir die soort letterkunde wat sy eie perspektief op die werklikheid weerspieël, wat volgens hom nie bloot die simptome van 'n kapitalistiese bestel beskryf nie, maar ook getuig van 'n insig in die aard van die siekte self. Dít is wat gewoonlik verstaan word onder "sosialistiese realisme". Dan sal daar ook nog waardering wees vir letterkunde wat verder gaan as om bloot insig te gee in 'n gegewe situasie deur 'n uitwerking op die leser te hê wat haar of hom inspireer om iets omtrent sy of haar lot te doen.

Hierdie voorkeure, wat hul eie geskiedenis het, hou met die aard van die maatskappy waarbinne daar geskryf word, verband, en moet dus nie as onveranderlike riglyne of voorskrifte gesien word, soos wel al gebeur het nie. Daar moet bygevoeg word dat sensuur en voorskrifte nie 'n funksie van 'n Marxistiese teorie is nie, maar eerder van dit wat 'n spesifieke bevolking sy owerhede sal toelaat. Ek wil argumenteer dat dit juis nie die taak is van 'n Marxistiese literatuurbenadering om voor te skryf nie. Omdat dit so nou met die praktyk gemoeid is, sal dit egter wel kritiek lewer en uitdagings stel, en is dit in sy belang om skrywers te inspireer om kreatiewe oplossings te probeer vind vir die probleme wat dit identifiseer.

Dieselfde geld vir die literatuurwetenskap. Wetenskap vorder ook nie as daaraan voorgeskryf of as dit aan dogma onderwerp word nie. Wetenskap behoort juis die bevryding van dogma en vooroordeel te wees. In dié verband speel 'n Marxistiese benadering 'n belangrike rol deur alle literatuurwetenskaplikes uit te daag om van die rol en meganismes van ideologie kennis te neem, om die literatuurverskynsels wat hulle beskryf met die res van die samelewing in verband te bring en te probeer verklaar, en om aan die praktyk van die letterkunde, sy elitistiese aard en die mate waarin dit uiting gee aan die aspirasies van die onderdruktes, aandag te gee en iets daaromtrent te probeer doen.

Juis omdat 'n Marxistiese benadering tot die letterkunde op vraagstukke soos hierdie fokus, kan 'n mens verwag dat dit vorentoe nog 'n sleutelrol gaan speel in hierdie land waar verandering van die status quo al hoe meer aan die orde van die dag is.

## Verwysings

Barthes, Roland 1981. Theory of the text. In: Young, Robert (ed.) *Untying the text.* London: Routledge & Kegan Paul.

Brink, André 1980. *Tweede voorlopige Rapport.* Kaapstad: Human & Rousseau.

Culler, Jonathan 1975. *Structuralist Poetics.* London: Routledge & Kegan Paul.

De Jong, Marianne 1979. Onbetrokke betrokkenheid by mens en wêreld, oor die poësie van Wilma Stockenström. *Tydskrif vir letterkunde* XVII (2): 61–96.

Derrida, Jacques 1976. *Of Grammatology.* Baltimore: Johns Hopkins University Press.

Engels, Friedrich 1975a. Letter to Margaret Harkness. In: Craig, David (ed.) *Marxists on Literature: An Anthology.* Harmondsworth: Penguin.

Engels, Friedrich 1975b. Letter to Minna Kautsky. In: Craig, David (ed.) *Marxists on Literature: An Anthology.* Harmondsworth: Penguin

Engels, Friedrich 1978. The Origin of the Family, Private Property, and the State. In:

Tucker, Robert C. (ed.) *The Marx-Engels Reader*. New York: W.W. Norton & Company.

Genette, Gérard 1983. *Nouveau discours du récit*. Paris: Éditions du Seuil.

Jameson, Fredric 1985. Postmodernism, or the Cultural Logic of Late Capitalism. *New Left Review* 146: 53–92.

Kannemeyer, J.C. 1977. Die geskubde taal van Afrika: Wilma Stockenström se *Van Vergetelheid en van Glans*. In: *Standpunte* 30(6): 36.

Lenin, V.I. 1975. Leo Tolstoy as the Mirror of the Russian Revolution. In: Craig, David (ed.) *Marxists on Literature: An Anthology*. Harmondsworth: Penguin.

Lyotard, Jean-François 1984. *The Postmodern Condition: A Report on Knowledge*. Manchester: Manchester University Press.